# Luiperds Kampnuus:

Presidente Nasionale saamtrek
31 Maart — 6 April 2015

Die Presidente is verby! Verlede jaar is ek deur die vorige nasionale voorsitter versoek dat Luiperds by hierdie jaar se Presidente as kampkommandante optree. Ek het onmiddelik na Sarie Podges gedraai en gevra of Suid-Oos kans sien om saam ons die Presidente aan te bied. Sarie het ingestem en watter dinamiese span is toe gevorm nie. Ek kan uit my hart uit sê dat ek lank laas in my lewe so trots was op 'n span mense. Samewerking van dag een af was net ongelooflik.

Ons het in November met die NUB begin vergader om vereistes ooreen tekom en al nie inligting te bekom van wat van ons verwag word. Ook aan hulle moet ons dankie sê! Juliana jy was voorwaar 'n hulp met die aksie. Sondra en Anton




**Kampkommandate hard aan die werk:**
**Staanplekke uitmerk, sawanante ontvang, betalings invorder, toilette diens…..**



**Die 2015 Presidente se kampkommandante Luiperds en Suid-Oos saam Sarie en Nico Spaumer wat as die senior Burgers se kamkommandante opgetree het**

Koekemoer het ook meer as hul deel bygedra. Ons mede-kampkommandante se voorsitterspaar het hulle uitstekend van hul taak gekwyt. Koos en Rina Gunter julle is ysters!!
Die res van die aksies het ek probeer vasvang met die fotobeelde. Dankie aan elkeen wat gehelp het om 2015 se Presidente saamtrek ‘n sukses te maak.

André Swanepoel



**Die kermis het weer gesorg vir groot pret: Spookhuis, spookasem, pannekoek, draai aartapples, kerrie en rys, bingo, uitstallers van heide en vêr en natuurlik die helikopter vlugte**





**Boeresport en Musiekpret het vir groot opwinding gesorg.**





**Die ruikers het die Lam wat geslag vir ons verlossing uitgebeeld. Die proteas verteenwoordig die Bloed tussen ons sondes en ons verheerliking. Let daarop dat die skape Sondag vry kom rondloop aangesien die LAM reeds geslag was vir ons redding**

**Jesus Christus is kardinaal in SAWA. Na die amptelike opening deur Sawa President Nico Spaumer het Ds Claasen ons op n reis geneem met die tema" Toe nie". Jesus het gesterf vir ons redding en nie ons veroordeling nie**

